

Vrydag 24 November

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 6:14-18

Fokusgedeelte: Spreuke 5:8; HK Sondag 33, Antwoord 89

Vlug vir die sonde

Die ware bekering na sy negatiewe kant bestaan verder ook uit vlug vir die sonde. Dit beteken 'n innerlike en uiterlike breuk met die sonde. Daarom is die "gebed" van Augustinus so bedenklik toe hy voor sy bekering "gebid" het: "Verlos my van die Bose, maar nie nou al nie."

Die vlug vir die sonde is in die reël nie so maklik nie. Om van dit wat jou lok en roep en trek, weg te vlug, kan soms baie moeilik wees, maar deur God se genade tog moontlik. Waar dit soms in 'n oorlog 'n bewys van lafhartigheid is as 'n soldaat vlug, is dit in die stryd teen die sonde dikwels 'n bewys van die heldhaftigheid van die geloof om daarvoor te vlug.

Treffend word die wegvlug vir die sonde deur die skrywer van Spreuke geteken as hy teen die ontugtige vrou waarsku: "My seun, slaan ag op die wysheid wat ek jou leer, luister na my goeie raad ... Die slegte vrou se lippe drup van heuning, haar tong is gladder as olie, maar agterna is dit bitter soos wildeals; sy is so gevaarlik soos die skerpste swaard ... luister na my, my seun, bly by wat ek jou sê: Bly weg van haar af, moenie naby haar huis se deur kom nie (5:1-8) ... Moenie dat haar skoonheid jou begeerte wek nie, moenie dat sy jou vang met haar oë nie (6:26). Moet jou nie met so 'n vrou ophou nie, moenie haar pad loop nie. Sy het die val van baie op haar kerfstok, sy het al sterk manne laat ondergaan" (7:25, 26). Dit is vlug vir die sonde: bly ver weg daarvandaan.

Ook Paulus beklemtoon die feit dat die gelowige vir die sonde moet vlug. Hy wys die Korintiërs daarop dat die gelowiges 'n tempel van die lewende God is (2 Kor. 6:16). God Self woon in hulle midde en hulle geniet die guns van God. Dit is die rede waarom die Christene, al kan hulle in hulle daaglikse lewe die kontak met die ongelowiges nie vermy nie, hulleself nie met heidene moet assosieer nie. Daarom sê hy aan die Korintiërs: "Gaan van hulle af weg ... en moenie wat onrein is, aanraak nie" (2 Kor. 6:17). Die Christene moet hulle onthou van die ongeregtheid van die ongelowiges, omdat dit boonop sedelik onrein is. So moet hulle vlug vir die sonde (vgl. Op. 18:4).

Die Christen wat vlug vir die sonde, moet ook nie dink dat hy uit eie krag kan speel met die sonde om daardeur oorrampel te word nie (vgl. Rom. 11:20). Paulus waarsku ook: "Wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie" (1 Kor. 10:12). Veral in oomblikke as ons dink dat ons sterk is en die sonde maklik kan weerstaan, juis dan bring Satan ons die maklikste tot 'n val – soos wat met Simson en Petrus gebeur het.

Die wêreld sal dit belaglik vind as ons vlug vir en wegbly van die sonde af, maar God sal so geëer word en ons sal op die pad van ware bekering voortgaan.

Sing: Skrifberyming 9-3:1, 2

Dagstukkies Almanak 2018